



VRYSTAAT – TAK
Van die
**SUIDELIKE AFRIKA WAPEN- EN AMMUNISIE-
VERSAMELAARSVERENIGING.**
SAPS Akkreditasie Nr. 1300059



TOEGEWYDE PROSEDURE VIR DIE EVALUERING EN KLASSIFISERING VAN LEDE

1. AGTERGROND

1.1 Die Wet op Vuurwapenbeheer, Wet 60 van 2000 (hierna verwys na as “die Wet”), en die regulasies wat kragtens hierdie Wet gemaak is (hierna verwys na as “die regulasies”) vereis van geakkrediteerde versamelaarsverenigings om ‘n toegewyde prosedure in plek te hê ter evaluering van lede vir hulle bona fides om privaat versamelaars te wees in ‘n spesifieke kategorie met betrekking tot hulle belange by, en kennis van, die historiese, tegnologiese, wetenskapelike, erfenis-, opvoedkundige, kulturele, artistieke, beleggings- of estetiese waarde, of enige ander aspek wat die Vereniging toepaslik mag ag, van ‘n spesifieke tema of belangstellingsveld en om rekord te hou van die relevante dokumentasie wat verband hou met sodanige evaluering (sien die Vereniging se riglyne vir die goedkeuring van ‘n vuurwapen of ammunisie vir versameling).

1.2 Die Uitvoerende Komitee sal ‘n lid sodanig evalueer en sodanige evaluering uitvoer alvorens die Vereniging ‘n verklaring of deklarasie kragtens artikel 17(2) of artikel 18(2)(a) van die Wet sal uitreik dat sodanige lid ‘n geregistreerde lid van die Vereniging is.

2. EVALUERING VAN LEDE

2.1 ‘n Lid sal skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die Komitee aansoek doen om die goedkeuring van sy/haar gekose temas en belangstellingsveld vir sy/haar versameling, tesame met die nodige dokumentasie.

2.2 Sodanige aansoek van die lid sal sy/haar gekose temas of belangstellingsvelde definieer, beskryf en uiteensit tot bevrediging van die Uitvoerende Komitee (hierna verwys na as “die Komitee”).

2.3 In die definisie, beskrywing en uiteensetting van sy/haar gekose temas of belangstellingsvelde, sal die lid die Riglyne vir die Goedkeuring van ‘n Vuurwapen of Ammunisie vir Versamelaars, wat deur die Komitee onderskryf word, volg.

2.4 Die Wet en regulasies plaas nie enige beperking op die skaal of strekking van die temas of belangstellingsvelde nie, maar die onus rus steeds op die lid om die Uitvoerende Komitee te oortuig dat die temas of belangstellingsvelde wettig, regverdigbaar en genoegsaam gemotiveer is.

2.5 ‘n Lid wat poog om sy/haar gekose temas of belangstellingsvelde te wysig, aan te pas of uit te brei mag skriftelik by die Komitee aansoek doen vir die goedkeuring van sodanige wysiging, aanpassing of uitbreiding.

2.6 Die lid sal sy/haar belange in en kennis van sy/haar gestelde temas of belangstellingsvelde skriftelik tot die bevrediging van die Komitee demonstreer.

2.7 Die Komitee sal die skriftelike temas en belangstellingsvelde van die lid ontleed, en sy bevindinge met betrekking tot die lid se belangstelling in en kennis van sy/haar gestelde temas en belangstellingsvelde boekstaaf vir inspeksie.



VRYSTAAT – TAK
Van die
SUIDELIKE AFRIKA WAPEN- EN AMMUNISIE-
VERSAMELAARSVERENIGING.
SAPS Akkreditasie Nr. 1300059



2.8 Die Komitee mag 'n lid versoek om sy/haar skriftelike indienings mondelings, of op enige ander wyse as wat deur die Komitee nodig geag word, voor te lê.

2.9 Daar sal nie van die Komitee verwag word om die mondelinge verloop en deliberasies woord vir woord weer te gee nie, maar wel om 'n behoorlike notule te hou wat die besluit wat geneem is, sowel as om die breë hoofoorwegings waarop die besluit gebaseer is, te verstrek.

2.10 Alhoewel daar begryp en aanvaar word dat, in die verkryging van spesialiskennis in 'n veld, enige persoon op eksterne bronne van kennis soos gepubliseerde literatuur staatmaak, word daar van die lid verwag om sy/haar voorleggings in sy/haar eie woorde te maak. Blote weergewing van gepubliseerde materiaal sal nie aanvaarbaar wees nie. 'n Lid mag egter bronne van kennis aanhaal om sy/haar voorlegging te substansieer.

2.11 Die Komitee sal persone koöpteer met toepaslike kundigheid wat nodig is vir die behoorlike evaluering van die lid of sy/haar gekose temas of belangstellingsvelde.

2.12 Die prosedure wat deur die Komitee gevolg sal word in die evalueringsproses is binne die diskresie van die Komitee, maar sonder beperking van die algemeenheid van die bogenoemde, en mag tipies 'n evaluering van die lid se skriftelike aansoek, 'n onderhoud, 'n oorweging van die lid se verwysingsmateriaal, en die lid se gedragsrekord insluit.

3. AANSOEK

3.1 'n Lid sal kragtens paragraaf 2 hierbo aansoek doen op die voorgeskrewe "*Aansoek om Lidmaatskap en Akkreditasie*" vorm.

3.2 Die volgende dokumentasie moet die lid se aansoek vergesel:

3.2.1 'n Afskrif van die identiteitsdokument.

3.2.2 Afskrifte van die bestaande vuurwapenlisensies.

3.2.3 Afskrifte van die bestaande kluisinspeksiessertifikaat en foto's van kluis(e) .

3.2.4 Afskrifte van Opleidingsbewyse en SAPD Bevoegdheidsertifikate.

3.2.5 Afskrif van rekenaar uitdruk van die lid se vuurwapens op die SAPD se rekenaarsstelsel.

3.2.6 Afskrifte van sertifikate van vuurwapen aanverwante verenigings of kwalifikasies.

3.2.7 Bewys van betaling van aansoekfooie.

3.2.8 'n Motivering hoekom die lid graag die status van privaat versamelaar wil bekom, en nie jagter of sportpersoon nie, moet verskaf word.

3.2.9 'n Geswore verklaring van voldoening aan die Wet en regulasies.



VRYSTAAT – TAK
Van die
**SUIDELIKE AFRIKA WAPEN- EN AMMUNISIE-
VERSAMELAARSVERENIGING.**
SAPS Akkreditasie Nr. 1300059



4. GOEIE NAAM EN FAAM

4.1 Die Vereniging **sal nie** 'n verklaring of deklarasie van lidmaatskap of 'n sertifikaat van die "Goedkeuring van Versameling" vir 'n Versamelbare Vuurwapen uitreik vir doeleindes van artikel 17(1), 17(2) of 18(2)(a) van die Wet nie, tensy die persoon in goeie naam en faam met die Vereniging is.

4.2 'n Persoon in goeie naam en faam beteken 'n persoon wat aanvaarbaar vir die Vereniging bly as 'n versamelaar; wat volgens die kennis van die Vereniging die bedoeling van die Wet met betrekking tot sy/haar status as 'n versamelaar vervul en wat, volgens die kennis van die Vereniging nie onbevoeg is om 'n wapen te besit kragtens die Wet nie.

4.3 Vir doeleindes van bepaling of 'n lid in goeie naam en faam met die Vereniging is, sal die Komitee alle dokumentasie en inligting wat die lid se voldoening aan sy/haar verpligtinge teenoor die Vereniging weerspieël, oorweeg en op lêer hou.

4.4 'n Lid wie se lidmaatskapsgelede nie op datum is nie, is nie in goeie naam en faam met die Vereniging nie.

4.5 'n Lid wat nie voldoen aan die voorwaardes vir hernuwing van lidmaatskap nie, is nie in goeie naam en faam met die Vereniging nie.

4.6 'n Lid wat nie daarin slaag om inligting te verskaf of dokumentasie in te dien nie, of wat nie voldoen aan enige versoek van die Komitee vir doeleindes van die bemagtiging van die Komitee om te bepaal, in soverre die Komitee deur die Wet gemagtig en daardeur vereis word om so te doen, of die lid voldoen aan die voorwaardes van toepassing op versamelaars, is nie in goeie naam en faam met die Vereniging nie.

4.7 'n Lid wat nie sy/haar verpligtinge teenoor die Vereniging nakom nie, is nie in goeie naam en faam met die Vereniging nie.

4.8 'n Lid wat nie ten minste twee aktiwiteitspunte per jaar verwerf nie, is nie in goeie naam en faam met die Vereniging nie.

5. KLASSIFIKASIE

5.1 Regulasie 5(1)(d) vereis van 'n geakkrediteerde vereniging om voorsiening te maak vir 'n toegewyde prosedure waarvolgens sy lede wat vuurwapens versamel in die volgende kategorieë geklassifiseer kan word:

5.1.1 **Kategorie A** – 'n kategorie waarvolgens die Vereniging enige klas vuurwapens vir versameling goedkeur, soos vervat in artikel 17(a) van die Wet;

5.1.2 **Kategorie B** – 'n kategorie waarvolgens die Vereniging slegs vuurwapens vir versameling goedkeur soos vervat in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna in artikel 4(1) verwys word uitsluit, maar wel beperkte vuurwapens waarna in artikel 14(1) van die Wet verwys word, insluit.



VRYSTAAT – TAK
Van die
**SUIDELIKE AFRIKA WAPEN- EN AMMUNISIE-
VERSAMELAARSVERENIGING.**
SAPS Akkreditasie Nr. 1300059



5.1.3 **Kategorie C** – ‘n kategorie waarvolgens die Vereniging slegs vuurwapens vir versameling goedkeur soos vervat in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna in artikel 4(1) van die Wet, en beperkte vuurwapens waarna in artikel 14(1) van die Wet verwys is, uitsluit;

5.1.4 **Kategorie D** – ‘n kategorie waarvolgens die Vereniging ‘n maksimum van ses vuurwapens vir versameling goedkeur soos vervat in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna in artikel 4(1) van die Wet, en beperkte vuurwapens waarna in artikel 14(1) van die Wet verwys, uitsluit.

5.2 Die Vereniging sal nie ‘n lid as ‘n versamelaar verklaar in ‘n hoër kategorie as Kategorie C nie, tensy daar aan die lid toestemming verleen is vir beperkte of verbode vuurwapens as deel van sy/haar versameling kragtens die Wet op Wapens en Ammunisie, Wet 75 van 1969 nie: Met dien verstande dat ‘n lid aan wie voorheen sodanige goedkeuring verleen is, in ‘n hoër kategorie as Kategorie C verklaar kan word, naamlik Kategorie B, waar die lid beperkte vuurwapens as deel van sy versameling kan hê, en Kategorie A waar ‘n lid verbode vuurwapens as deel van sy versameling kan hê.

5.3 Die Vereniging sal nie ‘n lid in ‘n hoër kategorie verklaar as streng in ooreenstemming met die prosedure waarna hierbo verwys is nie.

5.4 Die verklaring kragtens artikel 17(2) van die Wet sal die kategorie weerspieël waarin die Vereniging die lid geklassifiseer het.

5.5 ‘n Nuwe lid sonder die nodige kennis en belangstelling word oor die algemeen in Kategorie D geklassifiseer. ‘n Nuwe lid wat wel die nodige kennis en belangstelling aan die Komitee kan demonstree kan in Kategorie C geklassifiseer word.

5.6 ‘n Lid wat as ‘n Kategorie D, Kategorie C of ‘n Kategorie B versamelaar geklassifiseer is, en wat in ‘n hoër kategorie geklassifiseer wil word, moet die prosedure uiteengesit in paragraaf 2 en 3 hierbo *mutatis mutandis* volg (nadat die nodige wysiginge aangebring is), op voorwaarde dat ‘n persoonlike onderhoud met die Uitvoerende Komitee beslissend sal wees.

5.7 In die toepassing van die bepalinge van paragraaf 2 en 3 hierbo soos waarvoor voorsiening gemaak is in paragraaf 5.6 hierbo, sal die Uitvoerende Komitee ingelig word van die kategorie waarin die lid verklaar wil word, asook die aard van die vuurwapens wat die lid wil versamel, en die Uitvoerende Komitee sal dan, bewus van ‘n verhoogde verantwoordelikheid, die nodige sorg en ‘n hoër graad van omsigtigheid in die uitoefening van sy funksies handhaaf.

5.8 Wanneer die Komitee lede klassifiseer wat oor lisensies beskik vir beperkte of verbode vuurwapens uitgereik kragtens die Wet op Wapens en Ammunisie, Wet 75 van 1969, sal die Komitee die omstandighede oorweeg waaronder sodanige lisensie bekom is, in die besonder of sodanige vuurwapens op daardie tydstip vir versameldoelindes bekom is, en nie vir enige ander doel nie.

5.9 Die onus rus op die lid om die Komitee tevrede te stel met betrekking tot paragraaf 5.8 hierbo, en die lid moet sodanige dokumentasie toon ter staving van sy/haar versoek as wat nodig is om die Komitee te ooreed. Sodanige dokumentasie moet verkieslik ‘n afskrif van die oorspronklike aansoek om ‘n lisensie vir die vuurwapen bevat.

5.10 Waar dit nie moontlik is of was vir ‘n persoon om ‘n vuurwapen vir doeleindes van versameling te bekom nie, tensy sodanige persoon reeds oor versamelaarstatus beskik, sal dit vir die lid nodig wees om



VRYSTAAT – TAK
Van die
**SUIDELIKE AFRIKA WAPEN- EN AMMUNISIE-
VERSAMELAARSVERENIGING.**
SAPS Akkreditasie Nr. 1300059



sy/haar belangstelling in en kennis van die relevante waarwapens deur middel van sy/haar gedragsrekord te bevestig, selfs indien sodanige lid nie voorheen 'n vuurwapen vir versameldoelendes bekom het nie, ten einde 'n persoon wat die versamelaarsveld betree, in staat te stel om dit te doen.

5.11 In die toepassing van die bepalings van paragraaf 5.6 en 5.7 hierbo, sal die Komitee die geloofwaardigheid van die aansoek deur middel van 'n voorbehoedende persoonlike onderhoud met die lid verifieer, *inter alia* met betrekking tot die volgende oorwegings:

5.11.1 Die duur van die belangstelling van die lid;

5.11.2 Die duur van die lidmaatskap van die lid by die Vereniging of enige ander relevante organisasie;

5.11.3 Die temas of belangstellingsvelde wat oorspronklik deur die lid verklaar is, en die ontwikkeling daarvan;

5.11.4 'n Beskrywing van die strekking van die lid se belange in sy/haar verlangde temas of belangstellingsvelde, insluitende 'n beskrywing van die spesifieke vuurwapens wat deur die lid se verlangde temas of belangstellingsvelde gedek word, asook 'n beskrywing van die spesifieke vuurwapens wat nie deur die temas of belangstellingsvelde gedek sal word nie, met inbegrip daarvan dat sodanige beskrywing nie 'n *numerous clauses* uitmaak nie.

5.11.5 Die ontwikkeling of evolusie van die lid se belangstellingsveld, met spesifieke verwysing na die verlangde insluiting van beperkte of verbode vuurwapens, soos deur die Wet gedefinieer.

5.11.6 'n Beskrywing van spesifieke vuurwapens wat die lid tot sy/haar versameling wil toevoeg, met inbegrip daarvan dat sodanige beskrywing nie 'n *numerous clauses* uitmaak nie.

5.11.7 'n Omvattende beskrywing bekragtig deur stawende dokumentasie, of tot tevredenheid van die Komitee geverifieer, van die lid se bewarings- en sekuriteitsreëlings.

6. VERKLARING VAN LIDMAATSKAP

6.1 By suksesvolle afhandeling van die evaluerings- en klassifiseringsproses sal die Komitee 'n skriftelike geswore verklaring of plegtige verklaring deur die Voorsitter van die Vereniging, of 'n gedelegeerde persoon, uitreik waarin verklaar word dat die lid 'n geregistreerde lid van die Vereniging is, en waarin die kategorie waarin die lid geklassifiseer is, verstrekk word, of 'n verklaring dat die lid 'n ammunisieversamelaar is.

7. VERTROULIKHEID

7.1 Die lede van die Komitee en enige amptelike werknemer of agent van die Vereniging sal die inligting wat deur 'n lid verskaf word kragtens hierdie dokument met die grootste vertroulikheid hanteer, en geen sodanige persoon sal enige inligting bekend maak, tensy hy/sy deur die Wet verplig word om so te doen nie.

7.2 Die Komitee sal verplig wees om toe te sien dat alle behoorlike stappe gedoen word om te verseker dat die inligting wat deur 'n lid verstrekk word, nie toeganklik is vir enige ongemagtigde persoon nie.